

MNRE ROYAL HASKONING

SANDDRAAI SONPLAAS

**VIR AANDAG MNR JOHAN BLIGNAUT**

BEVESTIGING VAN BESWARE WAT DRINGENDE AANDAG VEREIS VOOR DEPT OMGEWING SAKE  
GOEDKEURING AANSOEK INGEDIEN WORD.

**1) PAAIE TOESTAND**

DIE TOEGANGSPAAIE NL GARIEP EN OPWAG ASOOK ANDER AANSLUITINGS VANAF DIE N10 WAT DEUR DIE KONTRAKTEURS GEBRUIK SAL WORD VIR DIE VERVOER VAN WERKERSMOET VAN N PERMANENTE OPPERVLAK VOORSIEN WORD ALVORENS ENIGE VERDERE KONSTRUKSIE KAN OF MAG PLAASVIND, EN DIE ALTERNATIEWE NL.TEER, PLAVEI EN DUST ASIDE MOET ONDERSOEK WORD TEN EINDE N PERMANENTE OPLOSSING TE VIND WAT VIR DIE VOLGENDE 25 JAAR GEBRUIK GAAN WORD.OM VERDERE SKADE AAN PRODUKSIE [VOEDSEL ]MENSE LEWENS ,GESONDHEID VAN MENS EN DIER, EN WAARDEVERMINDERING VAN LANDBOU GROND AS GEVOLG VAN STOF DEKLAAG EN NIE-BENUTBAARHEID VAN GROND, ENS MOET VOORKOM WORD. [SIEN ART.9; 11; 21;22;24;25;26;27;28;33;38; VAN WET 108/96 GRONDWET AS FUNDAMENTELE REGTE WAT AFGEDWING SAL WORD OP INDIVUDUELE EN GEMEENSKAPS BASIS AS DIE REGTE VERDER GEIGNOREER EN/OF BEDREIG WORD.]

**2) ONTWIKKELAARS**

DIE POTENSIELE ONTWIKKELAARS [ 4 ] VAN BOKPOORT; SANDDRAAI; NAMAKWARI EN ALBANY MOET N OOREENKOMS ,DAT AS DIE ONTWIKKELINGS VOORTGAAN, OP DIE TAFEL PLAAS OM TE VERSEKER DAT DIE TOEGANGS PAAIE SE FINANSIERING VERSEKER IS EN DAT DIE BELASTING BETALER NIE BELAS WORD MET DIE UITGAWE WAT SLEGS TOT VOORDEEL VAN DIE ONTWIKKELAARS SAL WEES, EN HUL BYDRAE TE WAARBORG TOT DIE KOSTE VAN DIE GENOEMDE OPGRADERING VAN DIE TOEGANGSPAAIE TE VERSEKER. AS N MINIMUM VEREISTE.

**3) TAAL GEBRUIK IN VERSLAE**

DIE GEBRUIK VAN ENGELS IN AL DIE VERSLAE WAT BESKIKBAAR GEMAAK IS NIE AANVAARBAAR IN DIE NOORD KAAP PROVINSIE NIE WAT OORHEERSEND AFRIKAANS SPREKEND IS MET N GROOT PERSENTASIE VAN DIE GEMEENSKAPPE WAT GEEN ONDERRIG IN ENGELS ONTVANG HET NIE EN DUS DIE VERSLAE ONVERSTAANBAAR MAAK.

**4) OMGEWINGS IMPAK MAAND VERSLAE**

DIE VERSLAE MOET MAANDELIKS OOK AAN DIE GE-AFFEKTEERDE PARTYE VOORSIEN WORD AS N FUNDAMENTELE REG SOOS GENOEM EN MOET AS VOORVEREISTE AFDWINGBAAR WEES.

**5) KRAGLYNE**

KRAGLYNE MOT BEVEILIG EN SIGBAARHEID VERSEKER WORD VIR DIE BESKERMING VAN ROOFVOELS ITV.DIE NOORD KAAP PROVINSIALE ORDANANSIE TER BESKERMING VAN ROOFVOELS VERAL ROOILYS SPESIES

**6) WATER VERBRUIK EN SUIWERINGS AANLEGTE**

N AANVAARBARE SUIWERINGS AANLEG MOET ONDERSOEK WORD VIR GEVAARLIKE AFVAL [TOKSIESE AFVAL] IN PLAAS VAN DIE VERDAMPINGS PANNE OM WATER VERBRUIK EN VERLIES TE VOORKOM INAGGENOME DIE VERLIES AAN WATER TANS WAT VERBRUIK VAN DIE NASIONALE STRATEGIESE BRON ,VERDER BELAS,

**7) ONDERNEMINGS PER NOTULE**

ALLE ONDERNEMINGS SOOS VERVAT EN GEREFLKTEER IN NOTULES MOET IN GESKREWE OOREENKOMSTE VERVAT WORD WANT ERVARING HET BEWYS DAT ONDERNEMINGS LIGTELIK GEGEE WORD EN DIE BONE FIDES VAN DIE GEWERS WORD TEN STERKSTE BEVRAAGTEKEN SOOS BELEEF MET DIE TOEGANGS PAAIE EN ONDERNEMINGS WAARAAN NIE UITVOERING GEGEE WORD NIE.

**8) NOTULES**

NOTULE VAN DIE VERGADERING VAN 29 FEB.2016 WORD INGEWAGVIR VERDERE AANDAG EN OPTREDE.KONTAK BESONDERHEDE VAN NAMAKWARI EN ALBANY ONTWIKKELAARS GEGEE VIR NASSI MET DIE DOEL OM N VERGEDERING TE REEL YE GROBLERSHOOP OM DIE TOEGANGSROETES AAN TE SPREEK EN N PERMANENTE OPLOSSING TE KRY.

**9) FINALE OMGEWINGS IMPAK VERSLAE**

INSAE IN DIE FINALE VERSLAE, HARDE KOPIEE, WORD VEREIS VOOR INDIENING NA DEPT OMGEWING SAKE TEN EINDE TE VERSEKER DAT AL DIE GE-AFFEKTEERDES SE BELANGE WEL AANGESPREEK IS.

GROETE

ANDRE KRUGER 084 791 4443 POSBUS 216 GROBLERSHOOP, 8850.

VIR EN TEN BEHOEWE VAN AL DIE GE-AFFEKTEERDES.